ISBN 0 949988 38 3

164 pp.

# BOERE EN JAGTERS IN OU MARICO

Vertellinge uit die geskiedenis van die ou Maricostreek

deur

**C. F. GRONUM**

◆

Versamel en verwerk deur
**prof. J. H. Coetzee**
in die Instituut vir Afrikanistiek van die
Potchefstroomse Universiteit vir
Christelike Hoër Onderwys

◆

1974
PRO REGE
POTCHEFSTROOM

op die waspoor. Toe hulle haar ver sien aankom, ten minste die kaffer met die kind, toe het hulle daarheen gehardloop. Onder al die vrae wat die mammie die dogtertjie vra; sê sy: „Ek het by sulke groot hoë goete, soos honde, geslaap". En sy vertel uit die rivier uit waar sy water gedrink het, daar het sulke groot goed gekom en aan haar geruik en toe weer in die water ingegaan. Wat is die groot goed wat uit die rivier gekom het en aan haar geruik het? 'n Krokodil sal dit seker nie wees nie, dit mag 'n seekoei wees. Toe haar pappie weer 'n leeu doodskiet, huil sy en sy sê hoekom skiet pappie die goed dood wat sy by geslaap het!

* * *

Later aan was daar ook heelwat Engelse jagters en handelaars. Van hulle het hulle halfwegtuiste hier in Marico gemaak as hulle uit die jagvelde kom af na hulle handelswêreld toe. Onder daardie manne was Selous, 'n baie bekende figuur. Sy ander maats was George Westbeech 'n groot handelaar en jagter. Die ander ene was ou groot Phillips met die bynaam van Elephant. Dan was daar nog 'n George Reid en 'n George Curton en nog 'n paar. Hierdie klompie jagtersvriende het in Marico 'n plaas gehuur gehad van kommandant Daantjie Botha. Die plaas se naam was Kalkfontein. Maar daardie dae het die Boere die plek die naam gegee van Klein Engeland omdat daar so 'n klomp Engelse bymekaar was. Hulle het daar 'n man gehad met die naam van Jacobs. Hy het vir hulle op die plaas geboer, voedsel geproduseer, 'n klomp osse aangehou, wat hulle dan weer gebruik as hulle hulle voorrade gaan verkoop in Kimberley. Die handelaar met wie hulle gedeel het toenter jare was Lask. Hy was ook by tye 'n jagter gewees, die Lask. As handelaar het hy ook by tye hier in Marico sy draaie gemaak met sy handelsware en dan weer



terug na Klerksdorp. Dis waar eintlik sy hoofplek was. Maar daar was nog ander handelaars ook wat ek onthou. Dis nou Lask en Parby & Reid.

Daar was 'n groot handel met ivoor, renosterhorings en velle van enige aard. Hartbees-, koedoe- en sulke velle was £1-10-0 stuk, sommige ook bietjie minder. Tierboskatte, rooikatte, die bruin gespikkelde kat, dié se velle het die seuns verkoop teen halfkroon stuk. Leeuvelle was £2-10-0 tot £24-0-0 vir 'n goeie vel. Dit hang af van die grootte en hoe die vel bewerk was. Uit 'n seekoeivel het die boere meestal net sambokke gemaak en dit in die vorm van sambokke verkoop. Kameelperde (die boere het gesê kamele, en dié met die knop op die rug is kémels genoem), se velle is nooit heel verkoop nie. Dit was in stroke verkoop of daar is swepe van gemaak. Dan het die Boere uit so 'n kameelvel tot £7-10-0 gemaak. As hulle die vel netso sou verkoop, sou hulle baie minder gekry het. Maar later van tyd het die Boere al hulle velle aan looiers verkoop wat in Marico was en gelooide velle was toe goed op prys. Die looiers het die velle van die jagters gekoop, dit gelooi en dan aan die handelaars verkoop. Hulle was baie goeie looiers en ons het van die beste looibas denkbaar gehad hier in Marico. Die regte basboompies het op die berge gegroei en was beter as elandswortel en soetdoringbas. Die handel in velle was belangrik. Dit was 'n groot handel. Want daardie dae was van die velle tuie gemaak, al die karre was daarmee uitgekussing en so aan.

Klein Engeland was toe hulle „halfway post", soos hulle dit genoem het. Hulle was baie bekend hierdie Engelse jagters in Marico. Die Engelse jagters het die eerste jagtogte met die ou ervare Boerejagters meegemaak. In 1863 het hulle die eerste jagtog onderneem na die Noorde toe. Die George Westbeech is met 'n meisie in Marico getroud. George Westbeech en ou Phillips (Elephant) het 'n handelsooreenkoms

gemaak met Moselekaats. Dis net daar kort voor Moselekaats se dood. Lobengula wat toe opgevolg het, het die konsessie aan hulle toe maar voort laat bestaan.

George Westbeech het vir hom 'n winkel opgesit by Panda-ma-Tenga, 30 myl suid van die Zambezi-watervalle af. Die winkel het hy van reguit pale wat hy langsmekaar ingeplant het, gemaak en 'n grasdak opgesit. Langsaan, waar hy gewoon het, het hy ook aangebou op dieselfde manier. Baie, baie jare na al daardie tye het die sterk pale nog daar gestaan en die Boere het van hulle daar uitgehaal en toe weer gebruik.

George Westbeech en Phillips het met hulle handelsbesigheid geweldig baie olifante geskiet. Hulle het oor die 400 kaffers daar gewere gegee en hulle voorsien van die nodige kruit, lood en doppies om vir hulle olifante te skiet. Die eerste jaar het George Westbeech van Panda-ma-Tenga af 1 200 lb. gewig in ivoor weggestuur. Die volgende jaar, want hy het toe daar gebly, het hy 30 000 lb. ivoor afgestuur na die Suide toe. Phillips het min of meer naby Moselekaats se hoofstat geopereer en sy vriend daar bo by Panda-ma-Tenga. Die span kaffers, wat vir hulle die olifante moes doodskiet, die het voor die voet geskiet. Die groot tande was deur daardie optrede so verminder dat daar skaars 'n olifant te kry was wat nog 60 of 70 lb.-tande gedra het. Al die groot bulle is in die omgewing uitgeskiet.

Die witrenosters, die eenvoudigste ding om geskiet te word, het hulle by troppe uitgeroei. Daar by George Westbeech se winkel aan die buitekant het 'n groot hoop — so het oom Petrus Viljoen wat daar naby ook gebly het dit aan ons vertel — horings wat hulle „trophies" genoem het gelê, sommer daar in die son. Sodra transport beskikbaar is, word vragte afgestuur want hulle het goed geld uit die witrenosterhorings gemaak.



Westbeech se vrou was na bewering die eerste wit vrou wat by die valle was, sy en nog 'n ander dame. Later het sy met 'n meid en haar twee kindertjies terug gekom na Marico toe. Net hulle twee te voet, die kindertjies het hulle gedra, oor die honderde myle tot hier by stamme wat die ou jagters goed geken het. Toe het hulle Marico toe laat weet en toe het haar familie haar daar gaan haal. Die vrou het van water- tot waterplek geloop. Daar is vandag nog 'n plek met die naam van Miesies-se-put waar die inboorlinge afgekom het waar sy by 'n put water gedrink het.

by die saals en ons trek hulle bokkraal (kring) van agteraf om en keer by die flanke vir uitspring. Dan kook ons hul met die latte af water toe. Sê dan vir ou ringkop om voor te gaan en hy moet hul roep om hom te volg. Sê vir die volk as ek die woord skree, moet die latte fluit, sommer na links en regs, van agteraf. Sorg dat nie een uitspring nie. Jaag die agterpunt vinnig aan want die voorpunt mag ons fop, vorentoe hardloop, streep trek en weghardloop. Jammer ons is te min, anders het ons twee perde opgesaal en as hul so iets probeer kon ons hul onder sambokke en stange steek. Pietman, saal jy gou vir ons twee perde op en neem hul tot daarso, laat die teuels hang, ons kan nooit weet wat kan gebeur nie."

Gou was die slaners hier so diekant om, met goeie lang rosyntjie- en kareelatte gewapen, en ou Gengigumu het tot hulle verbasing hartelik uit sy maag gelag en die slaners figuurlik vir die lattestorm aangehits. Met 'n lang lat en assegaai het hy voor stelling gaan inneem en gemaak of hy maar net met die lat loop en speel. Okkert het nog 'n laaste woord by Jan ingekry en gesê: „Kêrels, nou gaan ons met hul galle werk of so nie water toe".

Verskeie van die braaiers se kieste was net mooi vol toe Jan die woord gee, die ou ringkop spring van aandoening daar voor in die lug, skree sy bevel en wys met sy assegaai waterkant toe, onderwyl die latte agter klap soos klappers by 'n Kaapse karnaval. Vleispruimpies waai grond toe en ander wurg. Die klomp trek punt, rivier se kant toe, ou ringkop se asgaai wys nie meer nie, sy lat fluit net.

Petrus en Jan spring op die perde en klop die uitspringers in. Ou Gengigumu hardloop onder die voorstes uit na Jan se kant, ruk hom soos 'n jong vegter om en laat die lang lat fluit. Okkert praat hard agter en klop die agterpunt in. Voor die stof wegtrek, dam die klomp streep-streep langs die



water en Gengigumu skree op 'n egte Zoeloenoot: „Wa-a-a-a-s!"

Na Okkert se latte die laaste watervieses agter uitgeklop het, het die eerste en laaste wasstorm in kafferland geëindig. Gengigumu het in bevel voor die gewastes uitgestap en die kampterrein gaan skoonmaak.

Die volgende dag het 'n klompie slurpslepers by hom gekla dat, noudat hul vleis eers reg en op die beste is, moet dit weggegooi word. Hy het hul kortaf geantwoord dat hy nie bederfde vleis by die kamp laat aanhou nie — dis die wolwe se kos.

* * *

Vroeg die môre van 21 September is die jagters na die waens terug. Hulle het 'n klompie wit renosters raakgeloop en net een groot uitsoekbul geskiet om sy lang pragtige horing saam te neem asook die vel vir sambokke. Die vel was so swaar dat hulle dit in vier dele moes sny en dit oor houte laat dra het. Die vleiseters het al die vleis geneem. Olifante het hul in troppe raakgeloop maar die het uit die koers van die jagters getrek en die kon hul nie ver agterna sit nie. Hul kon maar net sewe bulle skiet.

Grootwild het in troppe geloop maar die jagters het nie op hulle geskiet nie. Met die aankoms by die waens was die ander baie verras oor die klomp Bantoes wat by hulle was en oor die pragtige tande en baie leeuvelle. Nog meer verras was hulle toe hulle meegedeel word dat hulle ook by die wonderlike waterval waarvan Gengigumu vertel het, uitgekom het. Hulle drie moes aanhoudend aan die kring nuuskieriges onder die koeltebome, voor die tente, die waterval in stukkies en brokkies behandel en alles wat daar op die jag gebeur het. Okkert kon nie nalaat om van die slurpslepery en die groot was in die rivier te vertel nie.

Die seuns wat toe al byna heeltemal van die koors her-

stel het, was so beïndruk oor alles wat vertel is dat hulle sommer 'n skottel roosterkoek gegryp en na hul volk en Gengigumu gedraf het en die koeke onder hulle uitgedeel het. Ou Voorslag, Jan se ou staatmaker, en Gengigumu het meer as die ander gekry en ook elkeen 'n paar vasgelegde soetkoekies.

Aan die oorkant van die Zambezi het twee kafferstamme gebly wat toentertyd onder die Barotsies geval het en as slawe onder hul gedien het. Dit was die Batôka en die Basobia. Laasgenoemde het die naaste gewoon aan die oorkant waar die jagters aan die duskant besig was om olifante te skiet. Hulle het die geraas van die voorlaaiers gehoor en eindelik ook gesien hoe die Bantoes die vleis van die olifante afsny en wegdra. Hulle waag dit toe om met hul mokôrôs oor die Zambezi te gaan en uit te vind of hulle ook van die vleis kon kry. Die jagtersvolk sê dit aan Jan en hy beduie dat hulle vleis kon kry in ruil vir tande. Hulle het toe tande gaan haal en hul mokôrôs vol vleis gelaai. Voor hulle vertrek vra hulle of hulle nog kos vir tande kan kry, maar dit moet harde kos wees, nie vleis nie. Jan antwoord: „Ja, dan moet julle die tande na Panda-ma-Tenga neem waar ons waens is". Daarmee was hulle tevrede, het dadelik 'n klomp tande gaan haal en dit agter die jagters aangedra tot waar hul by die waterval gedraai het en vandaar na Panda-ma-Tenga.

Jan Viljoen het aan die tandverruilers geelmielies gegee waaroor hulle baie bly was. Daar was pragtige tande onder die wat hulle gebring het.

Die Basobia het 'n paar dae by die jagters gebly en het Jan die naam van Mandie gegee. Daar was meningsverskil oor die betekenis van die naam. Die Viljoens het gesê dat dit die mahonieboom in die nasie se taal beteken, die andere het gemeen dat dit geelmielies beteken. Latere ondersoek het vasgestel dat dit wel die boom beteken en dat die Bantoe



aan die boom 'n hoë waarde heg en sodoende het hulle Jan Viljoen 'n hoë eer bewys.

* * *

Tussen die Barotsies en die Matabeles was daar toe nog vyandskap. Ou Gengigumu, as 'n Matabele-ringkop, het hom ter wille van die jagters stil gedra teenoor die tandeverruilers en terwyl hulle by die waens was het hulle saam met hom interessante dinge vertel wat in die bloedige oorlog tussen hulle en die Matabele gebeur het.

Hulle het vertel dat toe die Matabele die Barotsies suid van die Zambezi aangeval het die weerstand baie hewig was. Die twee magte het mekaar wreed vermoor. Eindelik het die Barotsies besluit om stadig terug te trek oor die Zambezi waar hulle veilig sou wees. Die Matabeles het nie oor die middele beskik om oor die rivier te kom nie en was ook nie in staat om met sy magte deur te gaan nie. As hy sou, sou die Barotsies hom maklik kon uitmoor by die landingsplek.

Toe die Barotsiekaptein sy mense deurvoer, het hy op een van die groot eilande wat in die wyer stroom lê 'n klompie van sy beeste laat injaag. Daar was baie bome en weiding op. Hy laat toe 'n klompie van sy eie goeie mokôrô-roeiers aan die vyand se kant bly en sê dat as die Matabele, wat hy spoedig verwag, daar kom, moet sy manne aanbied om hul na die eiland te neem, want hulle sal die baie beeste daar sien. (Dit was algemeen bekend dat die Matabele nie kon swem nie, en selfs nie eers die mokôrô ken nie.)

Die saak het baie goed gewerk en toe die skuite met die laaste vragte in die sterk stroom kom, gooi die roeiers die selabo's (roeispane) weg, spring in die water en swem die Zambezi deur na hulle kant. Die Matabeles op die mokôrôs is toe skree-skree na hulp, met die stroom weg na die valle toe.

...Die volgende is nou nie 'n leeustorie nie maar dit wys net met watter gevare die jagters te doen gekry het.

Van oom Jan Viljoen snr., die grootwildjagter, het tante Scheepers — Jan Nel se dogter wat met hom saam was op sy olifantjagtery langs die Zambezi toe die Kaalkaffers hom ontvoer het — die volgende staaltjie vertel. Hy stap mos eendag deur 'n ruie bos agter buffels aan en ewe skielik storm 'n groot renosterbul hier vlak voor hom op hom af. Daar was nie tyd om te skiet nie en met die omspring vang die renoster hom met die horing tussen sy bene deur en daar sit Jan wydsbeen oor die renoster se nek en pak met die twee hande die groot horing hier voor hom en hou vir so al wat hy lewe. Jan knyp en hou, want hy is 'n goeie ruiter. Hy wis dat sy lewe in groot gevaar is. Die renoster kies die bosse met hom maar toe hy onder oorhangende takke deur hardloop, gryp Jan aan die takke en die renoster onder hom uit. Jan het die renoster nie weer gesien nie. Sy het nog nie hierdie verhaal klaar vertel nie, toe lag sy al baie lekker en sy sê toe vir my: „Ou seun, dis nie reg as ek vir iemand so moet lag nie want hy was in doodsgevaar, maar dis net of ek vir Jan Viljoen met die swart bos baard daar op die renoster sien met al twee die hande vasgevat aan die renoster se horing!"



## VII

# Wildvangers

Jan Viljoen, kleinseun van die ou grootwildjagter, en P. C. Loots, het honderde stuks grootwild gevang en het genoeg kans gehad om alle soorte wild se lewenswyse goed te bestudeer.

*Vang van olifantjies*

Om 'n olifantjie in die hande te kry, was 'n groot probleem vir die wildvangers. In die groot troppe kon hulle dit glad nie regkry nie. Daarom het hulle meesal probeer om 'n jongetjie te vang as hy by 'n familiegroep is. Wat hulle doen is dit: hulle span 'n tou met 'n oog aan tussen bome en maak die een punt aan 'n boom vas, daar waar groepe met kalwers mag rondloop en probeer om een in die hande te kry aan die voorpoot of aan die agterpoot. So 'n jong knapie van 'n jaar of vyf is ontembaar. Hy spook en gaan te kere en die ma die staan hom by met die gevolg dat die jagters geen voordeel verkry nie. Uiteindelik het hulle toe 'n ander metode toegepas afgesien van die ooreenkoms om nie koeie te skiet nie. As hulle nou die groepie se ma kan doodskiet, trek die ander jonges weg. Dan bly die kleintjie by sy ma. Hulle stel dan die strik daar en vang hom aan die voorpoot of aan die agterpoot. Om die olifantjie sommer te wil vang met die vangstok om die nek vernaam as die knapie al so twee of drie jaar oud is, was 'n hopelose saak. As hy al twee, drie jaar oud is en hulle vang hom met 'n lyn om die nek en hy kry die lyn hier oor sy skouer dan sleep hy sommer so tien kaf-